

Yara Africa Fertilizer (Pty) Ltd

Lambrechtstraat, Hugenoot
Paarl, Suid Afrika

+27 21 877 5300

infos@yara.com

www.yara.co.za

Bedryfskantore
in meer as
50
lande



Verkope
in meer as
150
lande

Yara se teenwoordigheid in die mark sluit 'n globale netwerk van kantore in meer as 50 lande sowel as verkope in meer as 150 lande in. Die maatskappy het 'n sterk produksie- en bemarkingbasis in Europa. Yara het sy teenwoordigheid baie uitgebrei in Noord- en Suid-Amerika met veral 'n sterk teenwoordigheid in Brasilië asook Australië, maar is ook tans besig om uit te brei in Afrika en Asië.

Kennis van die mark

Yara bied 'n wye verskeidenheid van oplossings vir boerderye en ander bedryfsrigtings oor die hele wêreld en benut sy ondervinding en kennis om oplossings doelspesifiek volgens plaaslike behoeftes aan te pas. Yara se omvattende portefeulje van minerale, kunsmistowwe en oplossings ondersteun volhoubare landbou en dek die noodsaaklike voedingsbehoefte van 'n wye verskeidenheid gewasse.

'n Maatskappy wat 'n verskil maak

Yara het hom tot 'n volhoubare toekoms verbind. Ons skep waarde deur winsgewende en volhoubare groei te bevorder wat op kliënte, aandeelhouders en die samelewing gerig is. Hierdie waarde stel Yara in staat om 'n verskil te maak. Die suksesvolle belyning van Yara se huidige en toekomstige kernbesigheid met globale uitdagings, sal die maatskappy se posisie versterk en 'n volhoubare mededingende voordeel skep. Yara maak 'n verskil deur sy betrokkenheid by drie onderling verwante fokusareas: voedselsekureit, hulpbronbestuur en omgewingskwessies. Dit plaas Yara in 'n unieke posisie om lewensvatbare besigheidsooplossings vir wêreldwye uitdagings te ontwikkel.



Knowledge grows

Kwaliteit Winter Graan




Tydsberekening en optimale toediening is van kardinale belang




'n Paar veranderlikes wat toediening van plantvoedingselemente beïnvloed

- Grond pH: Optimaal 5 – 6,5 (KCl)
- Gemiddelde jaarlikse reënval: 200 – 600 mm
- Koolstof in grond: 0,5 – 3%
- Verandering in wisselboustelsels
- Beskikbare plantvoedingselemente in die grond (vertegenwoordigende grondmonster)
- Opnamekurwes
- Groeistadium


Makro-element verwydering deur Graan



Mikro-element verwydering deur Graan



Toedieningstye vir Graan




Produkte met Plant / Saai

Vloei-baar	Bandplasing 24N	Breedwergig 20-45 N
	GeoFlo 32	GeoFlo 41
	GeoFlo 42	410(18)S
	Opsie: met TriPholate	

Korrel	Bandplaas	Breedwergig
	Alpha 35	410(28)S
Alpha 357	411(31)S	
Alpha 36	Cura A41	
Cura A38		
Cura A395		
Cura A36		
	Opsie: Met Procote (mikro-elemente)	

Groeistadium 5-6 blaar



Groeistadium begin vlagblaar



Bobemesting (30-60N)

YaraBela™ CAN-S
Amiplus S
Amiplus SS
Cura A443
Cura A433

Bobemesting (20-30N)

YaraBela™ CAN-S
Amiplus SS
Amiplus S
Cura A443
Cura A433

Hierdie program moet volgens die reënvalbestuursprogram bestuur word. Die grootte van die toedienings word volgens die reënval bepaal.

YaraVita™ blaarvoeding

3-4 blaarstadium	Vlagblaarstadium
Mancozin	Mancozin
Coptrac	Bortrac
Zintrac	Kontak gerus u plaaslike landboukundige vir 'n doelspesifieke blaarvoedingsprogram.
Mantrac	
Bortrac	

YaraVita™ mikro-elemente speel 'n belangrike rol tydens plantvoeding:

Voldoende en gebalanseerde plantvoeding is een van die belangrikste faktore wat die opbrengs, kwaliteit en winsgewendheid van graanproduksie bepaal. Om sukses te behaal is dit belangrik dat noodsaaklike voedingstowwe op die regte tyd en teen koste-doeltreffende hoeveelhede toegedien word. Hierdie besluite moet gegrond wees op 'n duidelike begrip van die rol van elke voedingselement wat tydens kritiese fases benodig word.

Belangrike voedingselemente

Voldoende makro- en mikro-elemente speel 'n belangrike rol om die gewas teen peste en siektes te beskerm.

Stikstof

Hierdie element speel die belangrikste rol tydens produksie- en kwaliteitsbepaling. Opname vind plaas in die vorm van ammonium en nitraat. Nitraat kry voorkeur in die meeste omstandighede. Stikstof is belangrik vir fotosintese, chlorofilsintese, groei en proteïensintese. Baie beweeglik in die plant en is krities tydens alle fases tot ryppwording.

Fosfaat

Die element speel 'n belangrike rol tydens die ryppwording van graan, fotosintese, groei en vrugbaarheid asook genetiese identifikasie en respirasie. Optimale fosfaat is noodsaaklik vir wortelontwikkeling. Die element is krities tydens alle fases.

Kalium

Kalium is beskikbaar in die plantsap en is belangrik vir beweging van stikstof, fotosintese en die verplasing van stysel. Kalium is noodsaaklik vir die optimale funksionering van die huidmondjies, plantsterkte en proteïene en is ook belangrik tydens

wisselvallige klimaatstoestande (temperatuur). Krities tydens alle vegetatiewe fases en translokasie na die saad in latere groeistadium.

Kalsium

Kalsium is belangrik vir sterk selmembrane, selgroei en proteïensintese. Die element is ook belangrik om 'n balans van voedingstowwe in die plant te bewerkstellig. Dit is krities tydens alle fases.

Magnesium

Magnesium is noodsaaklik vir chlorofilsintese, proteïensintese, die vervoer van fosfaat en die kwaliteit van saad. Die element is krities tydens die meeste groeistadiums.

Swael

Swael is noodsaaklik vir chlorofilsintese en dit dien as boustene vir aminosure wat verantwoordelik is vir die vorming van proteïene. Swael is krities tydens alle fases.

Mikro-elemente

Al word dit spoorelemente genoem, kan 'n tekort aan een van hierdie elemente verhoed dat die plant ander voedingselemente (wat voldoende beskikbaar mag wees) optimaal kan benut.

Yster

Yster is noodsaaklik vir chlorofilsintese

en gesonde vegetatiewe groei. Dit is krities tydens alle vegetatiewe groeistadiums.

Koper

Koper is belangrik vir chlorofilsintese in plante en die opname van yster. Koper is ook verantwoordelik vir sekere prosesse in saadvorming. Krities vanaf ontkieming tot blomstadium.

Mangaan

Mangaan is noodsaaklik vir chlorofilsintese, fotosintese en die aktivering van ensieme. Krities in vegetatiewe fases en ook met blom.

Sink

Sink is noodsaaklik in ensiemaktiwiteit tydens proteïensintese. Krities tydens vegetatiewe groeistadiums tot korrelset.

Boor

Boor is belangrik vir seldeling en -groei en die metabolisme van groei-hormone.

Belangrik tydens die opname van kalsium. Dit is krities tydens die blomstadium.

Molibdeen

Noodsaaklik tydens die benutting van stikstof, katalisator in die reduksie van nitrate en proteïensintese. Krities tydens vegetatiewe fase tot na korrelset.

Die belangrike rol van stikstof

Stikstof speel 'n belangrike rol by gewasbeskerming. Dit help om plantverlies, vroeë infeksies, wortel- en stamsiektes, blaarsiektes en aarinfeesting deur luise te voorkom.

Stikstofbestuur en kunsmistoediening word aangepas afhangend van die reënval en ander faktore soos:



verandering in reënval, die logingseienskappe van die grond, verskille in gewasse en per kultivar behoefte, grondtemperatuur, wisselboustelsel, helling, plasing van kunsmis en die tipe stikstofdraer.

Hierdie advies vorm deel van ons diens aan kliënte. Hierdie model is slegs doeltreffend met gepaardgaande plantbeskerming en voedingsprogramme.

Kritiese tye van stikstofopname (Bron: Auhammer, 1976):

